



# GOUE NUUS

Lente uitgawe - September 2019



Suid-Afrikaanse Woonwa Assosiasie

Streek Goudrif

*Est. 9 Junie 1984*

Posbus 3554, Randgate, 1763 // [jsmk@lantic.net](mailto:jsmk@lantic.net) // 074 204 1179



## **Inhoudsopgawe**

2. Goudrifbestuur  
Bankdetails
3. Oordenking
4. Goudrif inligting  
  
Verjaardae
5. Huweliksherdenkings  
  
Ledesake
6. Vir die lekkerbekke  
  
'n Grappie of twee  
  
SA voëls
- 7-11 Kampnuus
12. Uit die Voorsitter se pen  
  
Redakteur se gedagte



## **Die Goudrif-bestuur:**

Voorsitter: Johan Fouchee. (082 856 4466)  
Ondervoorsitter: Elizet Fouchee. (072 837 0059)  
Sekretaris: Bettie Fouchee. (081 270 8232)  
Penningmeester: Christine Ludick. (082 816 4404)  
Addisionele lid: Rina Barnard. (082 856 3030)  
Seniorburger Verteenwoordiger  
(Burgerrmeester): Frans Ludick. (072 776 2023)

## **Goudrif se bankdetails:**

Bankiers: ABSA Bank – Randfontein  
Tipe rekening: Klubrekening (spaar)  
Rekeningnommer: 93-4593-1024  
Aanlyn takkode: 632-005  
NotifyMe: 074 204 1179

## **oordenking:**

### **Wat 'n Vriend het ons in Jesus!**

Hebreërs 2:14+15 (2006 Nuwe Lewende Vertaling) “Omdat hierdie *kinders* mense van vlees en bloed is, het Jesus ook *ten volle mens net soos hulle* geword. Want Hy kon *net sterf as Hy ten volle mens was* en Hy kon net deur self te sterf, hom die nekslag toedien wat mag oor die dood gehad het – die duiwel. Net op hierdie manier kon Hy dié vrymaak wat hulle lewe lank uit *vrees vir die dood* in slawerny vasgevang gesit het.”

As jou grootste vrees is om kanker te kry en jy het 'n vriend wat kanker oorwin het, hoe sal jou verhouding lyk met daardie vriend, veral as jy gediagnoseer word met kanker? Of as jou grootste vrees sekwestrasie is en jy het 'n vriend wat al daardeur gegaan het en anderkant uitgekóm en weer begin het. Jy gaan mos by daardie vriend kuier en hom vra om jou te help beplan sodat jy die beste daarvan kan maak.

So wat kan jy met jou vrees vir die dood doen? Ons het 'n Vriend in Jesus wat die dood oorwin het. Ek sal beslis by Hom wil sit en kuier en hoor hoe Hy die dood oorwin het. Hoe kan ek lewe sonder vrees? Hoe kan ek lewe vir môre? Hoe kan ek voluit lewe?

Jy sal hierdie antwoorde slegs by Jesus vind . . .

Ds Andries Enslin.



Boekevat in Countrypark se lapa.



## Goudrif Jaarprogram: Kampe en aktiwiteite verder te wagte vir 2019-2020:

Gaan kyk gerus by <http://www.sawa.org.za/gebiede-streke/gebied-goue-weste/streek-goudrif/> Dit word gereeld opdateer na elke saamtrek/aktiwiteit. 2020 se kampe is ook nou daar.

## Goudrif webbladsy en facebook:

Gebruik die link <http://www.sawa.org.za/gebiede-streke/gebied-goue-weste/streek-goudrif/> en gaan kyk na ons **Kampnuus** wat na elke kamp geplaas word. Daar's gereeld nuwe posts op facebook by <https://web.facebook.com/groups/623978028062209/>

## Verjaardae 1 Julie – 30 September:



Annette Jacobs 17 Julie

Jan Jacobs 18 Julie

Diana Nel 19 September



Elizet Fouchee 20 September

Elize Coetzee 22 September



# Suweliksherdenkings 1 Julie – 30 September:

Diana en Johan Nel 29 September.

## Ledesake:



- Rina Barnard het in September katerak-verwyderings en lensoorplantings in albei haar oë ondergaan. Ons is saam met haar bly dat dit 'n groot sukses was en dat sy nou weer 'n miggie op 'n myl kan raaksien!

- Faan & Elize Coetzee se plot is in Augustus vanjaar deur 'n groot brand getref waartydens hulle woonwa, sleepvoertuig en nog 'n tweede motor bekadig is of heeltmal uitgebrand het. Elize-hulle was by die Goudrif verjaardagsdag funksie in Junie so positief dat ons hulle binnekort weer op 'n kamp sal hê. Dit is vir hulle 'n reuse slag! Ons is baie jammer om van julle skade te verneem.



- Jan Jacobs is in Augustus in die hospitaal opgeneem nadat kanker by hom gediagnoseer is. In die afgelope tyd het hy deur diep waters gegaan en op Vrydag 27 September 2019 het hy die stryd teen kanker verloor. Ons innige meegevoel aan Annette en die familie.



# Vir die lekkerbekke

## Mikrogolfkoek in een koppie

4 eetlepels koekmeelblom  
4 eetlepels suiker  
2 eetlepels kakao (of milo)  
1 eier  
3 eetlepels melk  
3 eetlepels olie

Meng die droë bestandele en eier in die koppie.  
Voeg die nat bestandele by en meng goed.  
Mikrogolf vir 3 minute ( kan meer of minder wees  
Na gelang van die tipr mikrogolfoond).

## Grappies

- **Afgetree?**

Die vrou: "Wat doen jy vandag?"

Die man: "Niks."

Die vrou: "Jy het dit gister gedoen!"

Die man: "Ek het nie klaar gekry nie."

- 



- **Te Koop:**

Rekenaar en Ensiklopedië in goeie toestand. Rede vir verkoop: word nie meer benodig. Is pas getroud. Vrou weet alles... met bystand diens, skoonmoeder.

# Ken ons land se voëls

## Die Suidelike Geelbekneushoringvoël.

(Tockus leucomelas)



In Mieliestronk word die horingbek te reg as "n koddige kalant" beskryf. Met sy waggelstappie wat uniek is vir elkeen van hulle, kom hy baie gou nader as dit lyk of jy dalk 'n ou eetdingetjie het om met hom te deel.

'n Eienaardige broeigewoonte het hulle voorwaar. Die broeiende wyfie word in die nes toegemessel en deur haar maat van buite af gevoed totdat die kleintjies gereed is om te vlieg.

Die volgroeide horingbek is ongeveer 55cm hoog. Die wyfie het 'n merkbare kleiner snawel as die mannetjie. In vlug is die wit kolletjies op die vlerke sigbaar.

Habitat: Bosveld en droë woude.

Roep: Kort hol klank wat klink na "tok tok tok tokatokatoka". Wanneer hulle so roep, word die kop laat sak en die vlerke gesprei.

Bronne:

- Sasol Birds of Southern Africa Ian Sinclair ee. bl. 266.
- [www.mieliestronk.com.savoëls](http://www.mieliestronk.com.savoëls)

# Kampnuus

## Manyane 26-28 Julie 2019:

Die rustigheid van Manyane is iets waarna elke Sawanant verlang. Soos die liedjie oor die Bosveld sê: “daar word ek weer die mens wat ek wil wees”. Goudrif het saam met streek Bosveld daar gekamp en is soos gewoonlik gulhartig ontvang.



Die natuur en dierelewe binne en buite die kampterrein bekoor mens gewoonlik, maar die voëls bring hulle eie misterie en word tog so graag gevoer.





Countrypark 8-11 Augustus 2019 - AJV:



'n Paar van die Goudrippers het Donderdag al daar opgedaag en die aand so ewe die braaivleis noenmaal aan tafel geniet. Johan, Joanita, Frans, Christine, Phillip, Esmerel en Elizet sit gereed om weg te val en natuurlik is Bettie agter die kamera.



Die vergadering is deur Rina geopen met 'n gepaste boodskap en gebed en sy vra die seën oor die verrigtinge.

Elke bestuurslid kry 'n kans om verslag te doen oor sy portefeulje die afgelope jaar, en ook Frans as Seniorburger Verteenwoordiger, ons 'Burgermeester', kry sy beurt. Hy spreek die vergadering toe in ligte luim, maar met tye ook heel ernstig.





Rudi, as Gebied Goue Weste se Dagbestuursvoog, kondig die nuwe bestuur aan wat onbestrede herkies is. Elizet as ondervoorsitter, Bettie as sekretaresse, Rina as addisionele lid, Christine as penningmeester en Johan as voorsitter, sal die leisels vat vir 2019-2020.



### **Kongres 6-8 September 2019 te Weesgerus:**



Vroegoggend het Elizet en Johan hulle SAWA drag aangetrek en was ons ondervoorsitter en voorsitter as Goudrif verteenwoordigers oppad na die vergadering.

Johan en Elizet sit gereed vir die Kongres. Die saal word gevul met al die verteenwoordigers van die verskillende streek en gebiedsbesture.





Die Saterdagavond is die drietjies netjies uitgevat vir die dinee.

Johan en Bettie sit by oom Lokie-hulle aan die tafel en Elize by Louis en Gesina.



SAWA is vanjaar 50 jaar oud en die verjaardagkoek is later die aand gesny sodat die gaste die geleentheid saam kan vier.

Daar is baie moeite gedoen met die versiering van die saal en die tafels was pragtig gedek. Elke gas het 'n sjampanje glas en 'n lapservet gekry met die SAWA embleem op as aandenking. Die kos was voortreflik.



### **Drie Berge 27-29 September 2019:**

Lowergroen en skaduryk wag Drie Berge jou in as jy om die draai kom. Twee buitelig swembaddens, een verhit en een koud, asook 'n verhitte onderdak swembad voldoen aan enige een se smaak.







As jy nie wil swem nie, is daar die roebootjies, tennis, tafeltennis, visvang en nog baie meer om jou mee besig te hou.



Johan kon natuurlik nie die geleentheid verby laat gaan om die 4x4 roete tot bo by die uitkykpunt te gaan ry nie. Vandaar het jy 'n lieflike uitsig op die oord en die omgewing.

Ons het tog te lekker gekamp saam met Franswha en Christa Du Preez wat hier saam met Johan sit en ontbyt maak.





## **Boodskap vanaf die Voorsitter:**

Wees gegroet almal.

2019 se lente is hier! Heerlike kamp gebeurtenisse die afgelope kwartaal, was by Manyane in die Pilansberg Natuurreservaat, die AJV by Countrypark, die SAWA Kongres by Weesgerus en lui-lekker by Drie Berge!

Ons sien met groot verwagting uit na volgende kwartaal se kampe, die SAWA Feesnaweek by Malonjeni (11-13 Oktober) en dan sluit ons die jaar af by Aasvoëlkrans (22-24 November).

Fondsinsameling bly maar altyd prioriteit en enige voorstelle, behalwe dit wat reeds op die tafel is, sal baie waardeer word. Baie dankie aan Bettie, Joanita, Rina en Esmerel wat skouer aan die wiel sit met verdere Koekie & Beskuit verkope om die kas se fondse aan te vul.

Dankie aan die ou GR-komitee wat hulself weer beskikbaar gestel het as GR-bestuur vir die nuwe termyn,

Seënwense vir jou en die Here sal vir jou goed sal wees, vir jou sal sorg, jou raaksien, Sy liefde gee en voorspoedig maak . . .

*Johan.*

## **Die Redakteur sê haar sê.**

Liewe Goudriwwers,

Met die aanbreek van Lente, 'n nuwe seisoen in die natuur, wil ek graag sien dat daar ook nuwe lewe in Goudrif sal kom en dat ons in groot getalle sal saamkamp. Bring julle vriende en familie en kom geniet die natuur. Dis daar waar jy weer herlaai vir die volgende maand en al sy bedrywighede. Ek sien opgewonde daarna uit om julle almal op die saamtrekke te sien.

Groete,  
Bettie.

## **Die buitelewe roep!**

